# Klein Lochieland

## Nuusbrief Graad R en RR

*Lourensrivierweg / Posbus 124*
*STRAND*
*Tel: 021-8548592*
*E-pos:*
*adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za*

2026-02-27

Liewe Ouers

**GHOLFDAG: 13 MAART 2026**
***Alle skenkings vir die "goodie bags" en pryse moet asb. voor of op Dinsdag, 10 Maart by die skool wees. Ons wil graag Woensdag 11 Maart die pryse en die "goodie bags" vir die gholfdag pak.***

Dit is ons enigste fondsinsameling vir die jaar en hoop dat elke ouer darem 'n vorm van bydrae gemaak het. ***Ons benodig nog heelwat pryse (twee van elk) en borge, asb.***

U kan ook nog op die volgende manier bydra as u nog niks geskenk het nie:

| | |
|---|---|
| Bytjieklas RR1-Juffrou Annemarie: | ***Soet of sout koekies*** *(minstens een boksie per kind)* |
| Skoenlapperklas RR2-Juffrou Paula: | ***Groot pakke skyfies*** *(minstens een pak per kind)* |
| Besieklas RR3-Juffrou Michelle: | ***Sjokolade*** *(een "slab" per kind)* |
| Miertjieklas RR4-Juffrou Andrea: | ***Neute of droë vrugte*** *(een pakkie per kind)* |
| Naaldekokers RR5-Juffrou Jané: | ***Lekkers of beskuit*** *(minstens 'n pakkie per kind)* |
| Eendjieklas R1-Juffrou Anja: | ***Bier*** *(minstens 1 pak van 6)* |
| Beertjieklas R2-Juffrou Janita: | ***Witwyn*** *(minstens 1 bottel)* |
| Vissieklas R3-Juffrou Chantelle: | ***Ciders*** *(minstens 1 pak van 6)* |
| Hasieklas R4-Juffrou Cara: | ***Rooiwyn*** *(minstens 1 bottel)* |

## GRAAD R-INLIGTING:

**OUMA en OUPADAG: DONDERDAG 19 MAART (slegs graad R)**
Ons is baie opgewonde oor ons Ouma en Oupadag wat gaan plaasvind op Donderdag 19 Maart. (NB! Hierdie datum wat op die kalender aangedui is, moes ongelukkig a.g.v. die Laerskool se Kaskardag, verander). Kaartjies sal binnekort te koop wees.

**WILD WILD WEST UITSTAPPIE: 3 en 5 Maart**
Ons graad R-kleuters besoek Wild Wild West speelpark op Dinsdag en Woensdag. Daar is nog etlike gelde uitstaande vir die uitstappie. Onthou om op die D6-toepassing te betaal, asb! Kostes beloop **R75-00** per kind en moet teen **Maandag 2 Maart** betaal wees.

***Vir eenvormigheid en veiligheid is ons geel skoolhempies verpligtend, asb.***

Ons tema vir volgende week is: **TAFELMANIERE**

| | | |
|---|---|---|
| Ons persepsies is: | Vorm: | **Driehoek** |
| | Kleur: | **Oranje** |
| | Getal: | **Hersien 1, 2 en 3** |
| | Klank: | **Hersien o, a, d, g en j** |

Assesserings:

**Klankherkenning en lettervorming**
**Skryf eie naam met korrekte lettervorming**
**Herken getalsimbole (1,2 en 3) en getalname (een, twee en drie)**
**Rangorde: Eerste, tweede en derde**
**Herken die vorms: Driehoek, vierkant en sirkel**
**Potloodgreep, skêrhantering en knipwerk**
**Herken en benoem primêre en sekondêre kleure**
**Probleemoplossing**
**Sorteer prente volgens beginklank**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 2 Maart: | Ons maak 'n plekmatjie |
| Dinsdag | 3 Maart: | ***UITSTAPPIE- Wild Wild West: Eende en Visse.*** <br> ***Onthou skoolhempies, asb.*** |
| Woensdag | 4 Maart: | Bring 'n **driehoek**broodjie, asb. |
| Donderdag | 5 Maart: | ***UITSTAPPIE- Wild Wild West: Bere en Hase.*** <br> ***Onthou skoolhempies, asb.*** |
| Vrydag | 6 Maart: | Trek asb. iets **ORANJE** aan (as jy het) |

## GRAAD RR-INLIGTING:

**OUMA en OUPADAG: WOENSDAG 18 MAART (slegs graad RR)**

Ons is baie opgewonde oor ons Ouma en Oupadag wat gaan plaasvind op Woensdag 18 Maart.
(NB! Hierdie datum wat op die kalender aangedui is, moes ongelukkig a.g.v. die Laerskool se Kaskardag, verander). Kaartjies sal binnekort te koop wees.

Ons tema vir volgende week is: **TROETELDIERE**

| | | |
|---|---|---|
| Ons persepsies is: | Kleur: | **Pers** |
| | Vorm: | **Ster** |
| | Getal: | **3** |
| | Klank: | **g-klankie** |
| Maandag | 2 Maart: | Ons maak 'n papierbord-hond |
| Dinsdag | 3 Maart: | Ons maak 'n visbak |
| Woensdag | 4 Maart: | Trek asb. jou **PERS** skoolhempie aan |
| Donderdag | 5 Maart: | Bring asb. **sterretjie**broodjies |
| Vrydag | 6 Maart: | Lekkertjie-dag! |

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel